The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

DIE BURGER OOS KAAP SAKE 24 2015/05/14 Page: 14

AVE: 13055,42 (ZAR)

# Eskompryse 'is 'n ramp'

## Bankrotskap talle se voorland

Francois Williams en Hanlie Stadler

KAAPSTAD. – As die Nasionale Energiereguleerder (Nersa) Eskom se aansoek vir 'n 25%-kragverhoging toestaan, is dit " 'n ramp wat miljoene verbruikers in dieper skuld gaan dompel".

So waarsku Neil Roets, uitvoerende hoof van die skuldberadingsmaatskappy Debt Rescue, oor Eskom se jongste aansoek vir die heropening van tariefonderhandelinge vir 2015-'16.

Nersa het reeds 'n 12,69%-verhoging vir die nuwe boekjaar goedgekeur, maar Eskom vra nou vir 'n ekstra 10% vir die R32,9 miljard wat hy aan sy dieselkragopwekkers moes bestee en vir R9 miljard wat hy aan sy korttermyn-kragterugkoopprogram bestee.

Daarby kom 2,51% vir die 2c/kWh-verhoging vir die omgewingsheffing.

Roets waarsku die bykomende verhoging kan talle ondernemings tot bankrotskap dryf.

"Verbruikers sal eenvoudig nie so 'n groot verhoging sonder baie ernstige gevolge kan absorbeer nie. Bykans alle goedere en dienste is van elektrisiteit afhanklik en dit sal lei tot aansienlike prysverhogings in bykans elke kommoditeit waarvan Suid-Afrikaners afhanklik is."

Prof. Raymond Parsons van die Noordwes-Universiteit se sakeskool waarsku oor die bose kringloop wat Eskom skep deurdat hy kliënte ontmoedig om krag te gebruik wat sy inkomste raak, wat hom dwing om tariewe te verhoog, wat weer kliënte ontmoedig om krag te gebruik.

Parsons sê die verhoging se inflasie-impak kan die Reserwebank oortuig om rentekoerse later vanjaar te verhoog.

Kleinsake ly reeds onder beurtkrag, en sal die ekstra koste moet absorbeer.

Intussen word openbare sittings glo net in Gauteng oor die heropende tariefaansoek beoog. Nersa sê lede van die publiek en kragverbruikers sal tot 15 Junie kans kry om daarop kommentaar te lewer, en openbare sittings word op 23 en 24 Junie in Gauteng beoog, met Nersa se besluit op 29 Junie.

Regstreekse Eskom-kliënte betaal reeds van 1 April 12,6% meer vir krag en Eskom vra munisipaliteite 14,2% meer. Huishoudings sal eers in Julie weet hoe munisipaliteite tariefverhogings gaan deurgee.

Die ingenieur en kragkenner Chris Yelland sê as Nersa die verdere tariefverhogings goedkeur, sal dit "waarskynlik" van 1 September geld.

■ Eskom se aansoek is by www.nersa.org.za te lees. Skriftelike kommentaar kan na mypd3@nersa.org.za gestuur word of na Posbus 40343, Arcadia, 0083, Pretoria.